education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## MODEL 2008

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 'n addendum van 13 bladsye.**

**VOORSKRIFTE EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae, gebaseer op die voorgeskrewe inhoudraamwerk vir 2008, wat soos volg is:

   VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEESTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP:

   - Oorheersing deur die VSA?
   - Beëindiging van apartheid in Suid-Afrika?

   VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEERSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP:

   - Afrika: hervoorstelling van die nasie in die 1990's – 'n gevallestudie uit Sentraal-, Wes- of Noord-Afrika?

   VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA AS 'N DEMOKRASIE UIT DIE KRISISSE VAN DIE 1990's NA VORE GETREE?

   VRAAG 4: AFHANDELING VAN DIE VERLEDE EN TROTSEER DIE TOEKOMS: DIE WERK VAN DIE WAARHEID-EN VERSOENINGSKOMMISSIE

2. Elke vraag tel 75 punte en begin met 'n sleutelvraag.

3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord. Elke vraag bestaan uit beide brongebaseerde vrae wat 45 punte tel en uitgebreide skryfwerk wat 30 punte tel.

4. In die beantwoording van vrae moet kandidate die toepassing van kennis, vaardighede en insig demonstreer.

5. Kandidate wat slegs die bronne as antwoorde oorskryf, sal benadeel word.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

**Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde sal in hierdie vraestel geassesseer word:**

| **LEERUITKOMSTE** | **ASSESSERINGSTANDAARDE**<br><br>**Die vermoë van die leerder om die volgende te doen:** |
|---|---|
| **Leeruitkoms 1**<br><br>**(Geskiedkundige ondersoek)** | 1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word, te ontleed. **(Nie vir eksamen-doeleindes nie.)**<br><br>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om 'n ondersoek te doen. **(Nie vir eksamendoeleindes nie.)**<br><br>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.<br><br>4. Bestudeer inligtingsbronne, en evalueer die nut van die bronne virdie taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis. |
| **Leeruitkoms 2**<br><br>**(Geskiedkundige begrippe)** | 1. Ontleed geskiedkundige begrippe as maatskaplike idees.<br><br>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudings binne die samelewings wat bestudeer is.<br><br>3. Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings oor die optrede of gebeure te maak. |
| **Leeruitkoms 3**<br><br>**(Vertolking van kennis en kommunikasie)** | 1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk, krities.<br><br>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou met behulp van bewyse om die argument te steun.<br><br>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument.<br><br>4. Dra kennis en begrip skriftelik oor. |

**Die vrae vir die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:**

| **VLAK VAN VRAAG** |
|---|
| **Vlak 1**<br>• Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die langvraag uiteengesit word<br>• Beplan en stel 'n argument saam op grond van getuienis, en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik. |
| **Vlak 2**<br>• Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument saam te stel en gebruik getuienis om die argument te steun.<br>• Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.<br>• Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel. |

**VRAAG 1: HOE HET DIE VAL VAN DIE SOWJETUNIE TOT DIE BEËINDIGING VAN APARTHEID IN SUID-AFRIKA BYGEDRA?**

Bestudeer Bronne 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die volgende vrae.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Hoe, dink jy, het die wêreld op De Klerk en Gorbachev se nisiatiewe gereageer? (4 x 1) (4)

1.1.2 Verduidelik die ooreenkomste en verskille in die inisiatiewe wat De Klerk in Suid-Afrika en Gorbachev in die USSR onderneem het. (3 x 2) (6)

1.1.3 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik of De Klerk en Gorbachev die gevolge van hulle verreikende handelinge verwag het. (1 x 2) (2)

1.1.4 Gebruik hierdie bron en jou eie kennis en verduidelik hoekom jy dink 9 November 1989 en 2 Februarie 1990 van groot belang vir die wêreld was. (1 x 2) (2)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Hoekom was De Klerk verplig om die beleid van die Nasionale Party te verander? Gee redes. (3 x 1) (3)

1.2.2 'Ons kan nie so voortgaan nie!' Wat vertel hierdie stelling jou van Suid-Afrika gedurende daardie tyd? (1 x 2) (2)

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Volgens die inligting in die bron, watter impak het die val van kommunisme op die ANC gehad? (1 x 2) (2)

1.3.2 Wat was De Klerk se siening van die ANC aangesien 'hulle finansies, raad en morele ondersteuning ineengestort het'? (1 x 2) (2)

1.3.3 Verduidelik of De Klerk bly sou gewees het oor veranderinge in Oos-Europa. (1 x 2) (2)

1.4 Lees Bron 1D deur.

1.4.1 Watter diepgaande veranderinge het De Klerk op 2 Februarie 1990 aangekondig? (1 x 2) (2)

1.4.2 Verduidelik wat De Klerk bedoel het toe hy gesê het dat hy "'n gek sou wees indien hy nie die gaping wat die val van kommunisme in Oos-Europa veroorsaak het, benut het nie.' (2 x 2) (4)

1.4.3 Gebruik inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe FW de Klerk se leierskap van PW Botha s'n verskil het? (2 x 2) (4)

1.4.4 Gebruik hierdie bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die volgende politici op De Klerk se toespraak gereageer het:

(a) Nelson Mandela
(b) Van Zyl Slabbert (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 6 reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoekom die beleid van apartheid in Suid-Afrika gedwing was om te verander. (6)

1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord VRAAG 1.6.1 OF VRAAG 1.6.2.

1.6.1 Verduidelik hoe die val van die Sowjetunie FW de Klerk beïnvloed het om op 2 Februarie 1990 'n historiese toespraak te lewer, wat die politieke lot van Suid-Afrika verander het. (30)

**OF**

1.6.2 Apartheid in Suid-Afrika is beëindig, nie as gevolg van FW de Klerk nie, maar as gevolg van die val van die Sowjetunie.

Stem jy saam? Gebruik die inligting uit die bronne en jou eie kennis e bespreek die geldigheid van hierdie stelling. (30)
**[75]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE VAL VAN DIE SOWJETUNIE ARIKASTATE SOOS ZAÏRE (NOU DIE DEMOKRATIESE REPUBLIEK VAN DIE KONGO) BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die volgende vrae.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Wat was die redes vir die toename in skuld en armoede in die meeste Afrikastate na 1990? (2 x 2) (4)

2.1.2 Volgens die bron en jou eie kennis, verduidelik hoekom Westerse skenkers hulle proriteite na die beëindiging van die Koue Oorlog verander het? (2 x 2) (4)

2.1.3 Verduidelik kortliks die volgende in jou eie woorde:

(a) Demokrasie

(b) Vrye mark (2 x 1) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting uit die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe die Weste van plan was om sy verhouding met Afrika ná die 1990's te vestig. (2 x 2) (4)

2.1.5 Verduidelik hoe Afrika 'n slagoffer van die Koue Oorlog na 1990 geword het. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Met verwysing na Mobutu, noem hoe die Koue Oorlog demokratiese beginsels in gevaar gestel het. (2 x 1) (2)

2.2.2 Waarom dink jy het opeenvolgende regerings die naam van die land verander? (2 x 1) (2)

2.3 Lees Bron 2C deur.

2.3.1 Waarom, volgens Bron 2C en jou eie kennis, was soveel lande betrokke by die oorlog in die Kongo? (2 x 2) (4)

2.3.2 Verduidelik die rol wat die Republiek van Suid-Afrika in die beëindiging van die konflik in die Kongo gespeel het. (1 x 2) (2)

2.3.3 Bespreek kortliks die bydrae van die wêreldmoondhede in die beëindiging van konflik in die Kongo. (1 x 2) (2)

2.4 Raadpleeg Bron 2D.

2.4.1 Verwys na FIGUUR 1 en verduidelik hoekom jy dink Mobutu en Kabila as handpoppe uitgebeeld word. (1 x 3) (3)

2.4.2 Wat was die spotprenttekenaar se motief om die leiers as handpoppe uit te beeld? (1 x 2) (2)

2.4.3 Tot watter mate, dink jy, is hierdie visuele bronne bruikbaar vir 'n historikus wat die geskiedenis van die Kongo navors? Verduidelik jou antwoord. (4)

2.5 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 6 reëls (ongeveer 60 woorde), waarin jy die veranderinge van leierskap in die Kongo vanaf onafhanklikheid tot 1965 in jou eie woorde beskryf. (6)

2.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord VRAAG 2.6.1 OF VRAAG 2.6.2.

2.6.1 Bespreek die invloed van die val van die USSR op die Kongo tussen 1997 en 2003. (30)

**OF**

2.6.2 Gebruik die bronne en jou eie kennis en skryf 'n berig vir jou geskiedenistydskrif waarin jy verduidelik hoekom die Kongo deur die USSR en sy val beïnvloed is. (30)

**[75]**

## VRAAG 3: HET DIE SLUIPMOORD OP CHRIS HANI DIE ONDERHANDELINGS-PROSES IN SUID-AFRIKA BEÏNVLOED?

Bestudeer Bronne 3A, 3B en 3C om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Hoe beskryf Rich Mkhondo Hani as persoon? (2 x 1) (2)

3.1.2 Verduidelik hoe Hani vermoor is. (1 x 2) (2)

3.1.3 Wat het Janusz Waluz aangespoor om Hani te vermoor? (2 x 2) (4)

3.1.4 Om watter redes is mense soos Mandela, Pik Botha, Joe Slovo, Mac Maharaj en Richard Goldstone op die moordlys ingesluit? (3 x 1) (3)

3.1.5 Verduidelik of jy met Mkhondo se mening saamstem dat hulle met 'hierdie sluipmoord bewys het dat hulle vanweë hulle geredelike toegang tot wapens en opleiding 'n distruktiewe mag was ...' (2 x 2) (4)

3.1.6 Verduidelik hoe Hani se dood die volgende beïnvloed het:

(a) Die ANC

(b) Suid-Afrikaanse jeug wat Hani as hul rolmodel gesien het (2 x 2) (4)

3.1.7 Verduidelik hoe Hani se woorde 'die besluit deur ons organisasie om die gewapende handelinge te staak' verskil het van die regsgesinde Suid-Afrikaners met betrekking tot die proses van onderhandelings. (1 x 3) (3)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Hoekom het die koerant, *Sunday Times*, die berig oor die sluipmoord op Chris Hani op die voorblad van die koerant geplaas? (1 x 2) (2)

3.2.2 Verduidelik hoe die koerantopskrif, 'How Hani Died', die publiek se aandag vasgevang het. (1 x 2) (2)

3.3 Vergelyk Bronne 3A en 3B. Watter van dié twee bronne sou meer geskik wees vir 'n historikus wat oor die sluipmoord op Chris Hani skryf? (2 x 2) (4)

3.4 Raadpleeg Bron 3C.

3.4.1 Hoekom wou Nelson Mandela gehad het dat Suid-Afrikaners 'kalm' moes bly en die 'nagedagtenis van Chris Hani' eer? (1 x 2) (2)

3.4.2 In sy toespraak het Nelson Mandela 'n spesiale beroep op die jeug van Suid-Afrika gedoen. Hoekom dink jy het hy dit gedoen? (1 x 2) (2)

3.4.3 Tot watter mate het Nelson Mandela se toespraak die moontlikheid van burgeroorlog in Suid-Afrika voorkom? (1 x 2) (2)

3.5 Verwys na Bronne 3A, 3B en 3C. Beskryf wat jy dink sou gebeur het as die doelstellings van die regsgesinde beweging gerealiseer het. (1 x 3) (3)

3.6 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer 6 reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoekom Chris Hani 'n gewilde teiken van regsgesinde elemente was. (6)

3.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord VRAAG 3.7.1 OF VRAAG 3.7.2.

3.7.1 Verduidelik hoe die sluipmoord op Chris Hani tot die geboorte van 'n demokratiese Suid-Afrika in 1994 bygedra het. (30)

**OF**

3.7.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir jou plaaslike koerant waarin jy in breë trekke verduidelik hoe die onderhandelingsproses deur die sluipmoord op Chris Hani beïnvloed is. (30)

**[75]**

## VRAAG 4: HOE HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) GEPOOG OM SUID-AFRIKA VAN SY VERDEELDE VERLEDE TE GENEES?

Bestudeer Bronne 4A, 4B en 4C en beantwoord die volgende vrae.

4.1 Verwys na Bron 4A.

4.1.1 Met verwysing na Standpunt 1, hoe het Antjie Krog die WVK gesien? (2 x 1) (2)

4.1.2 Standpunt 1 noem verskeie redes vir die bestaan van die WVK. Noem TWEE redes. (2 x 1) (2)

4.1.3 Hoe het die WVK 'n geleentheid gebied vir stemme wat 'lank stil' was, 'is nie gehoor nie, en is dikwels verontagsaam voordat hulle ... gepraat het'. (1 x 2) (2)

4.1.4 Op watter manier, dink jy, het die 'stemme van gewone mense ... die verloop van die geskiedenis bepaal'? (1 x 2) (2)

4.1.5 Verwys na Standpunt 2 en verduidelik of jy dink dat dit 'die moeite werd' was dat mense 'na vore' gekom het om die waarheid voor die WVK te vertel. (1 x 2) (2)

4.1.6 Watter bewyse in Standpunt 2 dui daarop dat die families van Biko, Mxenge en Goniwe nie ten gunste van die WVK-proses was nie? (2 x 2) (4)

4.1.7 Gebruik die inligting in Standpunt 2 en jou eie kennis en verduidelik of die WVK 'slagoffer-vriendelik' of 'oortreder-vriendelik' was. (2 x 2) (4)

4.1.8 Verwys na Standpunt 3 en verduidelik tot watter mate Buthelezi die WVK-prosesondersteun het. (1 x 2) (2)

4.1.9 Verduidelik watter van die drie standpunte die bruikbaarste vir 'n historikus, wat die geskiedenis van die WVK skryf, sal wees. (1 x 3) (3)

4.2 Raadpleeg Bron 4B.

4.2.1 Watter boodskap wil die spotprenttekenaar oor die WVK oordra? (1 x 2) (2)

4.2.2 Hoe toepaslik is die spotprenttekenaar se voorstelling van gebeure? (1 x 2) (2)

4.2.3 Watter van die twee standpunte in Bron 4A, dink jy, ondersteun dit wat in Bron 4B uitgebeeld word? (2 x 2) (4)

4.3 Bestudeer Bron 4C.

4.3.1 Volgens Uittreksel 1, waarom het Vlok Khotso House gebombardeer? (1 x 2) (2)

4.3.2 Hoekom, dink jy, blameer Vlok vir Botha vir die aanval op Khotso House, na aanleiding van sy getuienis in Uittreksel 1. (1 x 2) (2)

4.3.3 Verduidelik waarom jy dink dat Vlok se getuienis in Uittreksel 1 betroubaar is. (1 x 2) (2)

4.3.4 Wat vertel Botha se reaksie in Uittreksel 2 jou van sy houding teenoor die WVK? (1 x 2) (2)

4.4. Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik hoekom die WVK 'n noodsaaklike proses in Suid-Afrika na apartheid was. (6)

4.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord VRAAG 4.5.1 OF VRAAG 4.5.2.

4.5.1 Bespreek die WVK se rol om Suid-Afrika van sy verdeelde verlede te genees. (30)

**OF**

4.5.2 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n artikel vir 'n geskiedenistydskrif, *Reflections of the TRC* (*Oordenkinge van die WVK*) oor die onderwerp: Die doeltreffendheid van die WVK met betrekking tot Suid-Afrika se nuutgevonde demokrasie. (30)

**[75]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou